Doen die Bybelvasvrae

Ark Blitz

Tolk

Les 29 - PRAAT, HERE, U DIENAAR LUISTER

Maats lees:1 Samuel 3:1 – 4:1

Wat is n tolk? Is iemand wat tussen 2 partye staan en die boodskap van die een na die ander oordra. Wat is die eienskappe van n goeie tolk? Om ’n goeie tolk te wees moet jy goed kan luister. Daar is mense wat ook so in die middel staan tussen ons en God. Hulle leer vir ons wat die Here vir ons sê. Dit is mense soos predikante en pastore, onderwysers en ouers of enige iemand wat al lank die Bybel lees en geleer het wat alles in die Bybel staan. Dis ook mense wat vir die Here lief is en wat geleer het hoe die Here vir hulle lief is. Miskien moet ons nog iets hier byvoeg: As iemand vir ons vertel wat die Here sê, en hy doen dit self nie, dan is daar ’n verskil tussen dit wat hy leer en dit wat hy doen. Dit gebeur dikwels by mense, en daarom sê party ook: “Luister na wat ek sê, maar moenie doen soos wat ek doen nie.” Wanneer dit gebeur, weet die persone wat luister nie meer lekker of dit die moeite werd is om na hierdie persoon te luister nie. Toe Jesus gekom het, het Hy vir ons kom leer hoe God is en wat ons Vader alles vir ons wil sê. Jesus se woorde en sy dade (gedrag) was in ooreenstemming met mekaar. Daar word ook gesê dat die Boodskapper, Jesus, en sy boodskap, dat God vir ons lief is, ‘dieselfde’ was. Vandag gaan ons kyk hoe ’n seun geleer het om na die Here te luister, want die Here wou hom gebruik om vir die ander mense sy wil te leer. Hierdie seun moes later vir die volk wys wie hulle konings is – eers Saul, en later Dawid. Hy moes ook met die konings praat as hulle nie na die Here luister nie, want dan het hulle die hele volk op verkeerde paaie geneem. Dit was in ’n tyd toe die mense nie mooi geweet het wat die Here sê nie, want die jong priesters het nie meer na die Here geluister nie. Daar was ook nog nie Bybels nie. Samuel wat nou by Eli in die tempel werk en bly het ook nog nie geweet hoe dit is as die Here met iemand praat nie, dus waarom toe God na Samuel roep het hy nie geweet dis God nie. Eli het geweet dat die Here in daardie tyd so met iemand kon praat en hy help Samuel nou om te weet dis die Here wat praat. En wat sê die Here toe vir Samuel? Dis baie slegte nuus: Die Here sê Hy gaan iets doen wat so erg is, dat almal wat dit hoor, nie hulle ore sal glo nie! Ou Eli se kinders én hyself gaan met die dood gestraf word oor al die verkeerde dinge wat hierdie kinders gedoen het. En wat doen Samuel toe? Samuel moes toe leer om ’n goeie ‘tolk’ te wees. Eli leer hom om niks weg te steek van wat hy gehoor het nie, en so kom hy met alles vorendag. Miskien is julle ook jammer vir Eli. Kyk net wat het sy twee kinders oor hulle gebring! Daar is in die groot hartseer tog ook iets moois: Eli leer vir Samuel dat ’n mens nie teen die Here kan gaan nie. As Hy iets so besluit het, dan mag Hy dit doen. Dit was toe die begin van Samuel se ‘opleiding’ om ’n goeie profeet te wees. Eli en sy kinders was priesters. Hulle moes al die offerwerk by die tempel doen en ook vir die mense leer hoe die Here dit gedoen wil hê. Samuel word nou ’n profeet. Sy belangrikste werk is om te praat. Hy is die ver‘tolk’er van alles wat die Here sê.

	Vraag	A	B	C	Antwoorde		
1	Op watter paneel wys die 12 lyne dat die volk is in Egipte?				1	B	
2	Op watter roete het die volk die Beloofde Land, Kanaän, intrek.				2	C	
3	Wat is die kenteken (die prentjies agter sy kop) op die portret van Josua?	Olywe	Druiwe	Sterre	3	B	
4	Wat beteken die kenteken (die prentjie van die kliptafels in sy hande) op die portret van Moses?	10 Gebooie	10 Bybel verse	10 Bybelboeke	4	A	
5	Waarom hang daar ’n rooi tou uit by die venster in die gebreekte muur op die prentjie onderaan paneel 3?	Dit lyk mooi	Om teen die muur op te klim	Teken van genade	5	C	
6	Wat is die kenteken op die portret van Simson?	Sirkels	Bloed	Heuning	6	C	
7	Watter panele wys wanneer die Israeliete in die woestyn rondgeswerf het en toe die donkie met Bileam gepraat het.				7	B	
8	Wys op die panele wanneer Gideon, die rigter, met sy 300 manskappe die oorlog gewen het.				8	A	
9	Hoeveel spioene het Ragab in haar huis weggesteek?	3	2	1	9	B	
10	Hoeveel keer moes die volk op die sesde dag om Jerigo stap voordat die mure op die sewende dag inmekaargeval het?	2	1	7	10	B	
11	Watter teken het Josua opgerig toe die volk belowe het om die Here te dien?	’n Groot Klip	Altaar	’n Brandoffer	11	A	
12	Wat moes die 300 manskappe in die nag skree toe hulle en Gideon die Midianiete aangeval het?	Val aan!	Prys die Here!	Vir die Here en vir Gideon!	12	C	
13	Noem die naam van Simson se vrou wat hom verraai het.	Delila	Debora	Diana	13	A	
14	Naomi het twee skoondogters gehad. Die een se naam was Rut. Wat was die ander skoondogter se naam?	Ester	Orpa	Sara	14	B	
15	Wat was Samuel se ma se naam?	Hannah	Maria	Elizabeth	15	A	
16	Wat het Samuel in die nag gesê toe die Here die derde keer met hom gepraat het?	Gaan weg, ek slaap.	Ek luister.	Praat, Here U dienaar luister,	16	C	